

Raak rooibeensandmyt 'n GROTER probleem?

Toenemende klagtes oor die voorkoms van rooibeensandmyt (*Halotydues destructor*) word uit verskillende dele van die Wes-Kaap ontvang. Aanvanklik is hulle net na die opkoms van kanola, gars en koring opgemerk waar hulle die saailinge beskadig, maar in sommige lande kom hulle ook later in die seisoen op groter plante voor. Die rede daarvoor lê in die spesie se lewensiklus.

Goddy Prinsloo
LNR-KLEINGRAAN

Die spesie is 'n redelik algemene plaag in Suid-Australië. Volgens navorsing is die rooibeensandmyt se voortplanting geslagtelik en tot drie generasies per groeiseisoen kan voltooi word. Goeie reën gedurende herfs en temperature laer as 21 °C veroorsaak dat oorsomerende eiers wat in die grond teenwoordig is, uitbroei.

Volgens 'n ontleding van byvoorbeeld Caledon se huidige klimaatdata, begin die temperatuur van week 16 af (middel April) daal tot onder 20 °C en kom goeie reën voor tussen week 17 en 20 (tot middel Mei). Hierdie gunstige tyd vir die uitbroei van oorsomerende eiers val ook saam met planttyd. Die rooibeensandmyt se nimfe kan gevolglik op saailinge en ander gasheerplante in die omgewing voed.

Die eerste twee generasies se eiers broei gewoonlik in die winter uit en kan enige van die beskikbare gewasse infesteer. Die nimfe ontwikkel binne vier tot ses weke tot volwassenes. Vanjaar was daar binne vyf tot ses weke (middel Junie) weer goeie reën, net betyds vir die volgende generasie eiers om uit te broei (Figuur 1). Dit is waarom daar soms ook op groter plante rooibeensandmyt raakgesien kan word.

Die derde generasie myte produseer



Rooibeensandmyt (*Halotydues destructor*). Foto deur Andrew Weeks Cesar, Australië.

gedurende die lente oorsomerende eiers wat in die liggaam van die wyfie bly. Die wyfies vrek dan en die eiers bly op die grondoppervlak tot die volgende herfs. Hoewel die lentegenerasie moontlik minder opsigtelik is en hulle op talle ander gasheerplante kan voorkom, kan die hoeveelheid wat in September voorkom 'n groot rol speel in die hoeveelheid eiers wat op die grondoppervlakte oorbly tot die volgende herfs.

As gunstige toestande vir rooibeensandmyt oor 'n paar opeenvolgende jare voorkom, kan dit lei tot die opbou van groter populasies wat tot groot skaalse skade in saailingstadium kan lei.


Gasheerplante: Baie wye gasheerreeks, naamlik kanola, gars, koring,

hawer, lupiene, sonneblom, boontjies, lusern, wieke en verskeie ander weidingsgewasse.

Beheer: 'n Omvattende beheerprogram is nog nie vir die Wes-Kaap se omstandighede gereed nie en moet nog ondersoek word. In Australië is daar reeds weerstand teen chemiese insekdoders gevind en daarom word 'n geïntegreerde beheerprogram aanbeveel, wat 'n verskeidenheid strategieë insluit.

Kontak dr Goddy Prinsloo vir meer inligting by: prinsloogj@arc.agric.za of 082 875 3401. 📧

Bron: <https://cesaraustralia.com/pestnotes/mites/redlegged-earth-mite/> Redlegged earth mite – Cesar Australia



Figuur 1. Weerdata vir Caledon se omgewing in 2021. Die groen blok (week 19-20) dui gemiddelde planttyd aan terwyl die geel blok (week 45-47) die gemiddelde oestyd aandui. Groen streep = temperatuur; geel stawe = reën.